higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

21 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE BOERDERYBESTUURSINLIGTINGSTELSEL

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Vee wat gereed is om geslag te word, word teen netto verkoopswaarde gewaardeer.

1.1.2 Grond word teen huidige waarde gewaardeer.

1.1.3 'n Inventaris is 'n opsomming van 'n boerdery se tasbare bates, kontant en belegging, saam met die toepaslike randwaarde.

1.1.4 Die grootte van 'n boerderyonderneming word op grond van oppervlakte en kapitaalbeleggings bereken.

1.1.5 Waardevermindering volgens die verminderdesaldo-metode is aanvanklik laag en verhoog dan.

(5 × 1) (5)

1.2 Die berekening van waardevermindering en waardeverminderende bastes het TWEE basiese doeleindes. Verduidelik die doeleindes. (4)

1.3 Die koopprys van 'n Combine-stroper is bekend. Die volgende inligting is ook beskikbaar:

BESKRYWING	EENHEID
Koopprys van die Combine-stroper	R130 000
Geraamde sloopwaarde	R10 000
Geraamde nuttige lewensduur	20 jaar

Instruksie: Gebruik die verminderde-saldo metode van waardevermindering om die volgende te bereken deur al die formules en berekeninge te toon:

1.3.1 Bepaal die waardeverminderingstempo vir hierdie bate. (3)

1.3.2 Bepaal die waardevermindering vir hierdie bate vir die eerste jaar in gebruik. (4)

1.3.3 Wat sal die opgelope waardevermindering na drie jaar van gebruik wees? (5)

1.3.4 Wat sal die boekwaarde van hierdie bate wees nadat waardevermindering vir vyf jaar afgeskryf is? (5)

1.4 Boerderybates word normaalweg vir inventarisdoeleindes in VYF groepe verdeel. Noem die VYF belangrikste groepe. (5)

Kopiereg voorbehou

1.5 Beskryf kortliks DRIE belangrike vereistes waaraan 'n boerderybestuursinligtingstelsel moet voldoen om suksesvol te funksioneer. (6)

1.6 Sekere beskrywings moet vir elke waardeverminderende bate in die inventaris aangeteken word.

Noem NEGE beskrywings vir die bates wat in die inventaris behoort te verskyn. (9)

1.7 Noem die VIER komponente van die finansiële jaarstate van 'n boerderyonderneming. (4)
[50]

VRAAG 2: PRODUKSIE VAN EKONOMIESE BEGINSELS

2.1 Onderskei tussen *gemiddelde produkte* en *marginale produk*. (4)

2.2 Die volgende is inligting oor mielieproduksie gebaseer op die verskillende vlakke waarop stikstof (N) toegedien word. Al die ander insette bly konstant.

- Die prys van stikstof is R50,00 per kilogram.
- Die prys wat vir mielies behaal is, is R5,00 per kilogram.
- Die totale vaste koste is R1 200,00 per hektaar.
- Die volgende tabel, wat deel van die produksiefunksie uitmaak, dui op die verhouding tussen die verskillende N-vlakke en die ooreenstemmende veranderinge in mielieproduksie:

Insetvlakke Stikstoftoediening	**Totale produksie Mielieproduksie (kg/ha)**
X	Y
5	500
10	625
15	700
20	750
25	775
30	775
35	735

Bereken die volgende deur alle formules en berekeninge te toon:

2.2.1 Die gemiddelde produksie, indien stikstof teen 25 kg/ha (inset) toegedien word

2.2.2 Die marginale produksie indien die stikstofvlak (inset) van R20 kg/ha tot 25 kg/ha verhoog word

2.2.3 Die totale veranderlike koste teen 'n stikstofinsetvlak van 25 kg/ha

Kopiereg voorbehou

2.2.4 Die totale koste teen 'n toedienings van 25 kg per hektaar

2.2.5 Die gemiddelde veranderlike koste per kilogram canola teen 'n toediening van 25 kg/ha

2.2.6 Die marginale koste indien die toediening van stikstof van 20 kg/ha tot 25 kg/ha verhoog word

(6 × 4) (24)

2.3 Noem die moontlike VIER tipes substitusieverhoudings tussen twee veranderlike insette. (4)

2.4 Teken 'n grafiek van elk van die volgende uitset/uitset- of produk/produk-verhoudings.

2.4.1 Gesamentlike produkte

2.4.2 Aanvullende produkte

2.4.3 Komplementêre produkte

2.4.4 Antagonistiese produkte

(4 × 3) (12)

2.5 Verduidelik die wet van afnemende opbrengs. (3)

2.6 Die volgende vrae hou verband met skaalbesparings.

2.6.1 Gee die formule wat gebruik word om die opbrengs-tot-skaal-verhoudings te bepaal. (2)

2.6.2 Indien die opbrengs-tot-skaal-verhouding gelyk is aan 1, wat is die produksiefase? (1)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Mnr. Emmanuel is die boekhouer van Agenbag Boerdery, maar hy is onervare. Hy het probeer om 'n balansstaat op te stel, maar hy het jou hulp met sekere aspekte nodig. Die finansiële jaar het op 30 April 2019 geëindig.

OPDRAG: Maak die foute reg deur die korrekte balansstaat in jou antwoordboek op te stel.

LASTE		BATES	
Debiteure	300	Totale bates	2 150 926
Totale kapitaal aangewend		Saldo op verbandlening by Landbank	25 000
Beleggings en ander		Produksievoorraad	7 000
Uitstande saldo op die Cape Agri-rekening	15 000	Bedryfslaste	
Bedryfsbates		Roerende bates	
Toerusting	46 000	Uitstaande telefoonrekening	3 200
Vaste deposito by Bankrupt	10 000	Mediumtermynlaste	
Vaste bates		Totale skuld	
Grond	900 000	Langtermynlaste	
Heinings	16 000	Oortrekkingsrekeninge by ABSA bank	25 000
Elektrisiteit vooruit betaal	1 500	Damme	120 000
Geboue op die plaas	550 000	Saldo op die afbetalingsverkoopsooreenkoms by ABSA bank	20 500
Varke as rantsoene vir werkers	10 000		
Netto waarde		Totale laste	

Bykomende inligting:

- Grond wat by die buurman gehuur word is teen R50 000 gewaardeer
- 200 liter dieselvoorraad is teen R15 per liter gewaardeer
- Kontant in die boerderykantoor: R125
- Varke gereed om geslag te word: R500 000
- Lone vir die jaar: R300 000
- R90 000 saldo van die huurooreenkoms by Wesbank vir die Landini-trekker met 'n boekwaarde van R110 000. (44)

3.2 Is die boerderyonderneming waarna in VRAAG 3.1. verwys word solvent? Staaf jou antwoord. (3)

3.3 Wat is die waarde van die totale buitelandse kapitaal in die balansstaat waarna in VRAAG 3.1. verwys word? (3)

[50]

VRAAG 4: DIE BOERDERY SE INKOMSTESTAAT

Die volgende finansiële inligting en produksiedetail word vir 'n finansiële jaar van LUSHEEP-boerdery verskaf vir die finansiële jaar wat op 31 Desember 2019 geëindig het.

Finansiële inligting	Waarde (R)
Ander boerdery-uitgawes	18 000
Elektrisiteit betaal	100 000
Onderhoud van roerende bates	70 000
Waarde van skape aan die begin van die jaar	500 000
Waarde van skape aan die einde van die jaar	540 000
Wolvoorraad aan die begin van die jaar	60 000
Wolvoorraad aan die einde van die jaar	21 000
Skape as rantsoene geslag	8 000
Skape vir huishoudelike gebruik geslag	5 000
Wol aan kleremaatskappy verkoop	60 000
Skape verkoop, maar betaling steeds uitstaande	260 000
Lusern aan die buurman verkoop	30 000
Veeartsenykundige koste, medikasie ingesluit	40 000
Waardevermindering van roerende bates	64 000
Lone aan permanente werkers betaal	96 000
Ooie op krediet aangekoop	20 000
Brandstof deur die jaar aangekoop	24 000
Lusern aan skape gevoer	60 000
Brandstofvoorraad aan die einde van die jaar	4 000
Brandstofvoorraad aan die begin van die jaar	8 000
Lusern vir droogtehulp in die Noord-Kaap geskenk	20 000
Rente op lenings betaal	30 000
Huur van grond betaal	40 000

Bereken die volgende deur al die berekeninge en formules, waar van toepassing, te toon:

4.1 Die bruto produksiewaarde van die skaapafdeling (10)

4.2 Die bruto produksiewaarde van die lusernafdeling (4)

4.3 Die bruto produksiewaarde van die plaas as geheel (3)

4.4 Die arbeidskoste vir die jaar (3)

Kopiereg voorbehou

4.5 Die brandstofkoste vir die jaar (4)

4.6 Die totale produksie-, bemarkings- en administrasiekoste vir die jaar (8)

4.7 Die netto boerderyinkomste (4)

4.8 Die wins van die boerdery (5)

4.9 Het die boerdery 'n wins of 'n verlies getoon? Staaf jou antwoord. (3)

4.10 Definieer die volgende terme:

4.10.1 Bruto produksiewaarde

4.10.2 Netto boerderyinkomste

4.10.3 Wins van die boerdery

(3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou